

SAWA Oos-Kaap



LieweSawanante

“Dis heerlike lente die winter is verby.....” en met die lied in ons harte
Hoop ons, ons mede sawanante stof bietjie hul woonwaens af en
Kom kamp weer saam!



Hier so bietjie inligting oor ons volgende saamtrek!

Van Stadens 22 – 25 September 2017

Tariewe is soos volg: R 140.00 vir eerste 2, daarna R 50.00 en onder
10 jaar betaal nie.

Zeldri Strydom en haar lede is verantwoordelik vir die naweek. Ons gaan
“breakfast jaffels” en koffie die sondag oggend voor die erediens verkoop.


Kontak asseblief so gou moontlik jou bestuurslid as jul saamgaan, daar is beperkte
Staanplekke vir ons gegee.

Boskamp, Heron Cliff 22 – 25 September 2017

Weereens is daar ‘n boskamp wat wag. Tariewe is as volg: R 60.00 per
volwassene en R 50.00 per kind. Kontak Sandra Fourie direk by 081 533 1883,
as jul belangstel. Daar is nog plekke oop!!!!

Sitrusoewer 20 – 22 Oktober 2017

Dis mos die manne se visvang paradys!! Verdere inligting sal nader aan die
tyd deurgegee word. Hou net solank die naweek oop vir lekker prêet saam
met Jakkie en haar span!



Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

Wapad en Webwerf:

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Steenkamp vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: clarise.kruger@ms-it.co.za

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asb. sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.



Ledegeld:

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R340; Senior Burgers: Kontant = R330
Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.

Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal deur 'n elektroniese oorplaasing (eft) in the Oos-Kaap rekening of by die kampeiers.

SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

SAWA Oos Kaap Bestuur.

